# TOTALE SKOUERVERVANGING

## Inleiding

Totale skouervervanging word uitgevoer wanneer artritis of degeneratiewe gewrigsiekte die skouer styf en pynlik maak. Tydens hierdie prosedure word die aangetasde oppervlaktes van die humeruskop (bal) en glenoïed (potjie) vervang. Die bal word met metaal en die potjie met spesiaal versterkte plastiek vervang.

## Kraakbeen verwering

In gevalle waar 'n vervanging benodig word is die kraakbeen reeds af verweer vanaf die onderliggende been en beenuitgroeisels ontwikkel op die rante van die gewrig met ongelykhede van die gewrigsoppervlaktes. Dit veroorsaak pyn en perk beweging in.

## Insnyding

'n Insnyding word vooroor of oor die kant van die skouer gedoen. Die spiere en tendons word losgelaat om die humeruskop en glenoïed bloot te lê.

## Verwydering van die humeruskop

Die skouer word gemanipuleer om toegang tot die gewrig te kry. Die kop van die humerus word verwyder en die holte in die humerusbeen word voorberei. Die glenoïed word ook skoongemaak.

## Pas van die stam en bal van die humerus

Die hol kanaal in die humerus word voorberei om die stam waaraan die kop geheg is te ontvang. Hierdie stam en kop word vasgesit in die humerusholte met of sonder sement, afhangende van die omstandighede sowel as die chirurg se voorkeur.

## Pas van die potjie

Die glenoïed prostese word vasgesit in die potjie met spesiale tegnieke, gewoonlik met sement om die oppervlakte te skep wat die kop gedeelte van die humerus kan ontvang.

## Herposisionering van die skouergewrig

Die skouergewrig word dan weer herposisioneer met die bal wat in die potjie rus en die omliggende weefsel word teruggeplaas in hulle normale posisie**.**

## Einde van die prosedure

Die arm word beskerm na die tyd in 'n stutverband en geleidelike beweging word toegelaat. Goeie pynverligting word gewoonlik verwag na hierdie prosedure sodat die pasiënt in baie gevalle terugkeer na normale alledaagse aktiwiteite en ligte fisiese aktiwiteite.